

**Beleidsdokumente:**

a) <u>Departement van Basiese Onderwys, 2011. KABV. Graad 4-6. Afrikaans Huistaal. Bladsye 10, 111:</u>

Die National Curriculum Statement Grades R-12 stel in die vooruitsig dat leerders probleme kan identifiseer en oplos en besluite neem deur kritiese en kreatiewe denke.

"Kreatiewe denke is die denkproses oor idees of situasies op skeppende en ongewone maniere, met die doel om die situasie of idee beter te verstaan en op 'n nuwe en konstruktiewe manier daarop te reageer."

b) <u>Departement van Basiese Onderwys, 2011. KABV. Graad 7-9. Afrikaans Huistaal. Bladsy 15:</u>

"Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. Skryfaktiwiteite, wat 'n deeglike begrip van die voorgeskrewe literêre tekste vereis, help leerders om voorgeskrewe letterkunde beter te waardeer. Klasbesprekings is sinvol indien elke leerder daaraan deelneem, maar klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei, is meer waardevol en dit bevorder die onderrig van die lees-, skryf- en taalvaardighede."

Kreatiewe skryfwerk behels volgens die KABV (Gr 7-9, bl 19) die volgende:

- Beskrywende skryfwerk, byvoorbeeld beskrywings van mense, plekke, diere, plante, voorwerpe, ensovoorts
- Verhalende tekste soos stories, persoonlike vertellings
- Verbeeldingryke skryfwerk, byvoorbeeld kort gedigte
- Gesprekke en kort toneelstukke gebaseer op stories

**Soorte skryftekste (KABV Gr 4-6 bl 32-85; Gr 7-9, bl 41-49):**

Stories (met fantasiekarakters, Gr 4); folklore/volksverhale (fabel, mite & legende, Gr 4-9); poësie (Gr 4-9); verhalende en beskrywende opstel, dagboekinskrywing (Gr 4-9).